# Ontkennende Vorm

**Formule:**
S V1 **(NIE)** T O **(NIE)** M P V2 I **(NIE)**

## Reëls om te onthou:

1. As dit 'n gewone sin is (S+V+O), gebruik ons altyd twee nie's.

   Bv. Ek lees 'n boek. → Ek lees **nie** 'n boek **nie**.

2. As die eerste werkwoord direk gevolg word deur 'n voornaamwoord, volg die eerste "nie" direk na die voornaamwoord en die tweede "nie" kom aan die einde van die sin.

   Bv. Ek roep Chantelle oor die mikrofoon. → Ek roep Chantelle **nie** oor die mikrofoon **nie**.

3. As 'n sin met 'n "?" eindig, begin ons die sin met "NEE".

   Bv. Het jy jou huiswerk gedoen? → **Nee**, ek het **nie** my huiswerk gedoen **nie**.

4. Voornaamwoorde en sekere ander woorde verander.

   Die volgende voornaamwoorde verander as 'n sin met "Nee" begin:

   julle → **ons**

   jy → **ek**

   ek → **my**

   jou → **my**

**Die volgende woorde verander ook na die negatief:**

iemand → **niemand**

êrens → **nêrens**

iets → **niks**

ooit → **nooit**

enige een → **geeneen**

moet → **moenie**

al → **nog nie**



LIVEWORKSHEETS

5. As 'n sin met 'n "!" eindig, begin ons die sin met "MOENIE".

   Bv. Doen jou huiswerk! ⟶ **Moenie** jou huiswerk doen **nie**!

6. As daar "ASSEBLIEF" in die sin is, begin die sin met "Moet asseblief nie".

   Bv. Maak asseblief jou bed op. ⟶ **Moet** asseblief **nie** jou bed opmaak **nie**.

7. Daar kan nie meer as twee negatiewe in een sin wees nie.

   alles/iets ⟶ **niks … nie**

   almal/iemand ⟶ **niemand … nie**

   altyd/ooit ⟶ **nooit … nie**

   enige/een ⟶ **geen … nie**

   al ⟶ **nog nie … nie**

   nog ⟶ **nie meer … nie**

8. As jy 'n sin ná 'n voegwoord in die negatief verander, kom die "nie" in die tweede sin ná die voornaamwoord.

   Bv. Die atleet het sy been gebreek, dus kon hy huil. ⟶ Die atleet het sy been gebreek, dus kon hy **nie** huil **nie**.



twinkl Quality Standard Approved

LIVEWORKSHEETS

## Aktiwiteit

Skakel die volgende sinne om in die ontkennende vorm:

1. Die meisie maak altyd die vensters oop.

_______________________________________________

2. Hulle moes gister die projek voltooi het.

_______________________________________________

3. Ek het iets in die tuin gesien.

_______________________________________________

4. Ons gaan vanmiddag swem.

_______________________________________________

5. Die onderwyser het al vir Pieter gehelp.

_______________________________________________

6. Die kinders het hul huiswerk betyds gedoen.

_______________________________________________

7. Jy moet elke dag jou tande borsel.

_______________________________________________

8. Die motor het skielik tot stilstand gekom.

_______________________________________________

9. Was asseblief die kar!

_______________________________________________

10. Die seuns het die wedstryd gewen.

_______________________________________________


LIVEWORKSHEETS